

Sing vooraf staande: Psalm 108:1, 2 (p. 542)

- 1 Hoe rus, o God, my hart in my / nou 'k U 'n môrelied kan wy.
Ontwaak met my, my harp, ontwaak! / Ek wil die rooidag wakker maak.
U trou en goedertierenheid, / tot bo die hemel uitgebreid,
sal ek verhoog bo al wat leef / met sang wat van ontroering beef.
- 2 Verhef U bo die hemel wyd, / en bo die aarde u heerlijkheid!
Verlos u gunsvolk deur u hand, / verhoor ons, send ons onderstand.
God het dit uit sy tempel al / laat klink met hoogste jubelskal:
"k Sal Sigems stad my eie heet / en Sukkot as my erfdeel meet."

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 105:1, 3 (p. 514)

- 1 Loof, loof die HEER van alle here! / Verhoog sy Naam en gee Hom ere,
en bring sover daar volke is, / sy dade in gedagtenis;
en spreek met aandag en ontsag / van al sy wonders, dag aan dag.
- 3 Vra na die HEER der leërmagte, / die HEER oneindig groot in kragte;
soek daeliks sy aangesig; / gedenk die werk deur Hom verrig,
die wonders deur sy hand gedaan, / en wil sy strawwe gadeslaan.

Gebed

Psalm 98:1, 2 (p. 488)

- 1 Sing nuwe lof aan God die HERE, / die God wat wonders het gedaan;
sy regterhand, vol sterkte en ere, / sy heil'ge arm bring redding aan.
Hy het sy heil en alvermoë / die volkere alom gemeld;
geregtigheid blink voor hul oë / soos sonnestrale oor berg en veld.
- 2 Hy het gedink aan sy genade, / sy trou aan Isr'el nooit gekrenk;
dit slaan die wêreldesinde gade / nou onse God sy heil ons skenk.
Juig voor die HEER met blye galme, / o ganse aarde, juig van vreug!
Meld vrolik in verhewe psalme: / dit is Gods heil wat ons verheug.

Skriflesing: Handeling 6:1-7

Kernverse: Handeling 6:7

Die woord van God het verder versprei, en die getal gelowiges in Jerusalem het geweldig toegeneem. Sels 'n groot aantal priesters het gelowig geword.
(Handeling 6:7 AFR83)

Tema: Die Here se gawes om probleme te oorwin

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, het jy al gewonder hoekom daar so iets soos 'n kerk op aarde is? Ek wil dit waag om te sê dat min van ons al oor hierdie vraag nagedink het. Die meeste van ons het maar grootgeword as lidmate in die kerk. Ja, ons kan maklik sê watter verskille daar tussen die verskillende kerke is. Maar dit is eintlik maar net die ouer mense en sommige ander volwassenes wat dit kan doen. Vir baie mense is die verskille tussen kerke eintlik weglaatbaar klein. Om hierdie rede sal ons moet sê dat die Gereformeerde Kerk Bellville nie bestaan om maar net te sê dat ons anders as die ander kerke in die stad is nie.

Wanneer 'n mens die boek Handeling van die begin af deurlees, kom 'n mens agter dat Jesus Christus mense van hulle sondes verlos en rondom Hom vergader sodat hulle vir ander mense kan vertel van die groot dade van God. Hierdie groot dade is natuurlik dit wat God deur Jesus Christus

tot stand gebring het, naamlik dat sondaars weer kinders van God mag wees. Dit sien ons gebeur op die dag toe die Heilige Gees uitgestort is. Die eerste deel van die gemeente in Jerusalem het begin om in verskillende tale van die groot daade van God te vertel.

Nie almal wat hierdie gelowiges hoor praat het, was opgewonde daarvoor nie. Daar was Jode wat gesê het dat hierdie gelowiges gedrink het en dronkmanspraatjies maak. Na aanleiding van hierdie gespot het die Heilige Gees vir Petrus gelei om die eerste preek te lewer. Met oortuiging het Petrus Jesus as die enige Verlosser te verkondig. En met hierdie preek het die Heilige Gees drie duisend mense tot geloof in Jesus Christus gebring. Die Here het hierdie getal mense by die gelowiges gevoeg. So het die Heilige Gees deur die verkondiging van die evangelie meer en meer mense tot geloof in Jesus Christus gelei en hulle is almal by die gemeente gevoeg.

Op grond van hierdie geskiedenis van Christus met sy kerk lyk dit vir my dat die eerste rede waarom Hy vir Homself 'n kerk hier op aarde vergader, is om vir ander mense van Hom te vertel. Hy is immers die weg en die lewe en die waarheid. Mense kan God net as Vader leer ken wanneer hulle Jesus as hulle Verlosser aanneem. Broers, susters en kinders, ons bestaan as gemeente hier in die Skiereiland om dieselfde rede. Ons moet ander mense van die heerlike lewe onder die heerskappy van Jesus Christus vertel. En hierdie opdrag gee die Here nie net aan een of twee in sy kerk nie maar aan elkeen van ons. Van klein tot groot, van jonk tot oud – almal – is deur Jesus Christus verlos om ander mense van Hom te vertel.

Nou sal iemand kan sê: maar ons almal ken die Bybel nog nie so goed nie, hoe sal ek nou vir iemand anders kan vertel? Of miskien dink jy by jouself: die verkondiging van die Here se Woord is mos die predikant se werk. Geliefdes, dit is waar. Die verkondiging van die Here se Woord in oordenkings en preke is natuurlik die predikant se werk. Daarvoor het die Here immers mense toegerus met die gawe om te preek en hulle in gemeentes aangestel. Maar dit is natuurlik nie die enigste manier waarop die Woord van die Here verkondig word nie. Dit sien ons ook hier in ons Skrifgedeelte raak.

Die lidmate se onderlinge verhoudings met mekaar speel net so 'n belangrike rol om ander mense van ons Here Jesus en die ander groot daade van God te vertel. Dink maar net wat ons van 'n gemeente sê waar daar gedurig 'n onderlinge getwis en gestryery aan die gang is. Verdeeldheid in 'n gemeente en 'n gemeente wat oënskynlik een deel van die gemeente bo die res van die gemeente bevoordeel, is nie vir ons 'n aantreklike gemeente nie. Mense van buite af sal kwalik deel van so 'n gemeente wil wees. Dus sien ons watter groot impak lidmate se onderlinge verhoudings met mekaar het op die doel waarvoor Jesus sy kerk hier op die aarde bymekaarmaak.

Die gemeente in Jerusalem het binne enkele dae of weke tot meer as vyf duisend lidmate aangegroei. En hoe meer mense bymekaar is, hoe groter is die kans dat daar onenigheid kan kom, want 'n gemeente van die Here Jesus is nog nie sondelose mense nie. Die gemeente in Jerusalem en ons hier in Bellville kan daarvan getuig. In Jerusalem se gemeente was daar twee soorte Jode – dié wat die Griekse taal en kultuur aangeneem en nie eers meer Hebreeus kon praat nie, en dan was daar Jode wat getrou gebly het aan hulle eie taal en kultuur.

Tot dusver het die apostels omtrent alles in die gemeente gedoen. Hulle het gepreek, gebed, huisbesoeke gedoen, pastorale gesprekke met lidmate gehad en ook nog gesorg dat al die weduwees versorg is deur middel van die gelde wat hulle ontvang het. 'n Mens kan sommer hier al agterkom dat daar probleme kan kom. Twaalf manne kan nie al hierdie werk in 'n gemeente van meer as vyf duisend aanhoudend en effektief behartig nie. Dit is dan nou ook hier wat die Satan sy kans waarneem om die kerk oneffektief te maak in die wêreld.

Onder die Griekssprekende lidmate het die persepsie ontstaan dat hulle weduwees afgeskeep word in die daaglikse versorging. Ek wil aanneem dat dit nie sommer net 'n persepsie was nie. Dit het heel

waarskynlik by geleentheid gebeur dat sommige van die Griekssprekende weduwees op 'n dag nie versorging ontvang het nie. Dit het nie met al hierdie weduwees gebeur nie. Maar nou weet ons mos hoe dit gaan. Wanneer daar kultuurverskille is en dit wil maar net lyk asof die een kultuur bo die ander bevoordeel word, is dit nie lank nie of daar is 'n persepsie dat dit nou maar die normale gang van sake is dat een kultuurgroep bevoordeel word en die ander word afgeskeep.

Geliefdes, kyk nou net hoe gaan die Here hier met sy kerk te werk. Aanvanklik sien die Satan het hy nou hier 'n kans om die gemeente oneffektief te maak. As die lidmate onderling met mekaar gaan begin twis en die gemeente skeur dan in twee, sal dit vir baie mense wat nog nie tot geloof in Jesus gekom het nie, lyk asof die evangelie wat die kerk verkondig tog nie so wonderlik is nie. Die kerk preek dan liefde vir God en mense, maar kyk hoe baklei hulle onder mekaar. Kyk net hoe partydig is hulle teenoor mekaar.

Dit was die Satan se oogmerk om die gemeente oneffektief te maak toe hy agterkom daar is ongelukkigheid in die gemeente. Maar die Here ons God is alwys. Hy gebruik juis hierdie probleem wat ontstaan het om 'n nuwe fase in die gemeente se lewe tot stand te bring. Hierdie nuwe fase behels die volgende: Die apostels kom tot die besef dat hulle nie al die werk in die gemeente alleen kan doen nie. Die apostels kom ook tot die besef dat as die grootste deel van hulle tyd opgebruik gaan word om te sorg dat elke weduwee in die gemeente versorg is, gaan hulle nie meer genoegsame tyd hê om die woord van God te kan verkondig nie. Dit gaan dan verder tot gevolg hê dat minder mense hoor van die Here Jesus en die mense wat reeds lidmate van die Here Jesus is, sal nie verder onderrig kan word uit die Woord van God nie. En kort voor lank sal die Satan dan ook nog met dwaalleer dit regkry om mense oor te haal om al nader aan hom as aan die Here te lewe.

Gelei deur die Heilige Gees kom die apostels met 'n oplossing vorendag. Die gemeente in Jerusalem word nie van die apostels se kant af aangesê wat gedoen moet word nie. Hulle los ook nie maar net die versorging van die weduwees om met hulle eie werk aan te gaan nie. Beide dienswerke, die verkondiging van die Woord en die versorging van die weduwees, moet gedoen word. Deur die voorstel wat die apostels maak, word die hele gemeente betrek om die probleem wat opgeduik het, op te los.

Daar moet sewe mans vanuit die gemeente gesoek word wat vir hierdie diens om die weduwees te versorg, afgesonder kan word. Daar moenie buite die gemeente gesoek word na iemand wat hierdie werk wil doen nie. Die werk moet gedoen word deur mense binne-in die gemeente self. Die Here gee immers deur sy Gees aan elke lidmaat 'n gawe of gawes en elkeen is verplig om hierdie gawes tot voordeel van al die ander lidmate aan te wend. Die Here maak dit verder ook duidelik dat nie sommers enige lidmaat geskik is vir hierdie dienswerk nie. Afgesien daarvan dat hierdie sewe mans gelowiges moet wees, moet dit vir die hele gemeente duidelik wees **dat hulle vol is van die Heilige Gees en dat hulle wysheid het** (Handelinge 6:3 AFR83).

Broers, susters en kinders, julle sal nou sekerlik wil weet wat dit beteken om vol van die Heilige Gees te wees. Dit gaan nie oor hoeveel van die Heilige Gees in 'n mens is nie, want óf die Heilige Gees is in iemand óf Hy is nie in iemand nie. Vol van die Heilige Gees beteken dan eerder hoeveel van 'n mens se lewe is onder die beheer van die Heilige Gees. Iemand wat vol is van die Heilige Gees is iemand in wie die vrug van die Gees al groter en duideliker groei. Liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goeiehartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing is sigbaar in so 'n mens se optrede teenoor God en sy naaste. Saam met die volheid van die Gees moet hierdie mans ook bekend wees as wyse manne. Wysheid beteken nie om slim te wees nie, maar om te kan onderskei hoe en wat gedoen moet word om die gemeente weer as 'n eenheid te laat saamleef.

Die voorstel het byval gevind by die hele gemeente en hulle het uit die gemeente sewe mans gekies wat aan die vereistes voldoen het wat die apostels genoem het. 'n Mens sal kan vra: Nou hoekom juis sewe? Wel, ek wil aanvaar dat die apostels gereken het dat sewe vir eers genoeg sou wees om

die werk te doen. Dit is immers nie hierdie sewe wat alleen gaan werk nie. Hierdie sewe sou ander lidmate saamneem en ook toerus om hierdie werk te kan doen.

Die sewe mans wat deur die gemeente verkies is, is toe voor die apostels gebring. Die apostels het toe vir hulle gebid en hulle die hande opgelê. Daar is gebid dat die Here deur sy Gees aan hulle al meer die gawes sal gee wat hulle nodig het om hierdie werk te kan doen en hulle is die hande opgelê, want hulle is nou afgesonder om te sorg dat al die weduwees in die gemeente goed versorg is.

Kyk nou net watter heerlike gevolg het hierdie verdeling van die werksaamhede in die gemeente veroorsaak. Die onenigheid het opgehou en die gemeente het weer as 'n eenheid rondom die Woord van die Here gelewe. Die gemeente het aantreklik geword, want dit is mense wat regtig vir mekaar omgee en vir mekaar sorg. Die liefde van God waarvan die apostels preek, het weer konkreet gelewe in die gemeente en dit het die gemeente aantreklik gemaak. Die gemeente was so aantreklik dat 'n groot aantal priesters deur die prediking van die apostels gelowig geword het en deur die Heilige Gees by die gemeente gevoeg is. Aangesien die gemeente self nou onder leiding van die sewe mans die versorging van die weduwees hanteer het, kon die apostels hulle tyd gebruik om te volhard met die prediking en gebede. Sodoende is die gemeente meer en meer toegerus om as kerk van Christus te lewe en is ander mense nader aan die Here Jesus getrek deur die preke en die lewe van die gemeente.

Geliefdes, ons het as gemeente by 'n punt in ons lewe gekom waar ons weer moet besin oor hoe die diakens getrou aan die Here hulle Goddelike opdrag moet uitvoer. Oor baie jare het ons daaraan gewoon geraak dat daar in elke wyk in die gemeente 'n diaken werksaam is. Dat elke wyk 'n diaken het, is natuurlik die ideaal en die oortuiging is steeds by die kerkraad dat die werk so op die mees effektiewe manier gedoen kan word. Nou het ons egter oor die afgelope jaar agtergekom dat ons as gemeente dit nie regkry dat elke wyk sy eie diaken het nie. Moet ons nou maar vir lief neem dat sommige lidmate in sommige wyke maar sonder die dienswerk van diakens moet klaarkom? Ons kan tog ook nie sommer enige een bevestig as diaken nie. Die Here gee immers self die kenmerke van die persone wat geskik is om as diakens te dien. En uit die Skrifgedeelte kom ons agter watter groot en verantwoordelike werk diakens werklik het. Waar ouderlinge en predikante die opdrag het om lidmate in hulle verhouding met die Here toe te rus en te begelei, het diakens die verantwoordelikheid om lidmate toe te rus en te begelei in die praktiese uitleef van hierdie verhouding met die Here.

Net soos in die gemeente in Jerusalem word die diakens in hierdie gemeente ook opgeroep om sorg te dra dat ons as gemeente ons eenheid in Christus in daadwerklike onderlinge liefde beoefen. Die diakens moet ook toesien dat ons almal goed doen, sodat die liefde van Christus op hierdie wyse sigbaar kan wees vir baie ander mense. As ons dan moet saamvat, sal ons sê dat die diakens die opdrag van die Here het om ons as gemeente aantreklik te maak. Die diakens moet ons almal help en lei om die liefde van Christus wat hier gepreek word prakties uit te leef.

Hoe gaan hulle dit regkry? Hulle sal dit regkry wanneer hulle almal in die gemeente besoek en vanuit die Woord ons aanspoor om daadwerklike liefde teenoor mekaar en alle mense te bewys. Die huisbesoeke van die diakens is daarop gemik om sorg te dra dat niemand as gevolg van armoede, eensaamheid, ouderdom, siekte of om ander redes van die geloofsgemeenskap vervreem raak nie. Die kollekte wat ons gee vir barmhartigheid moet deur die diakens sorgvuldig beheer, met wysheid bestee en met vertroosting uit die Skrif uitgedeel word. Daarom is dit noodsaaklik dat diakens ook uit die Woord lees tydens huisbesoek en lidmate met die Woord van die Here oproep en aanspoor om daadwerklike liefde teenoor mekaar en alle mense te bewys.

Maar wat ons baie goed moet oplet, broers, susters en kinders, is dat die sewe diakens in die gemeente in Jerusalem nie al hierdie werk aanhoudend effektief sal kan doen as hulle alleen werk

nie. Die Here het ook nie die diakens in Bellville aangestel om al die werk van die gemeente alleen te doen nie. Die Here het hulle immers aan ons gegee om ons ook toe te rus sodat ons saam met hulle hierdie werk kan doen. Daarom is dit ons as gemeente se verantwoordelikheid om ons deur die diakens te laat lei in die beoefening van die gemeenskap van die heiliges. Laat ons dan, gehoorsaam aan die Here, ons deur die diakens laat lei. Laat ons voortdurend vir hulle bid dat die Heilige Gees hulle sal lei om ons as gemeente nog meer aantreklik te maak as wat ons reeds is. Dit is immers nie net met woorde wat ons ander mense van die Here en sy groot liefde in Christus vir mense vertel nie. Ons almal doen dit met ons lewe waar ons vir mekaar regtig omgee en ook vir ander mense wat nog nie die liefde van ons Here God ken nie.

Amen!

Gebed

Formulier vir die bevestiging van diakens

Psalm 134:3, 4 (p. 653)

- 3 Die HEER se seen sal met u gaan, / en ons sal biddend voor Hom staan.
Hy wat beveel en – dit geskied, / Hy sal sy seen oor u gebied.
- 4 Laat, HEER, u seën op hul daal, / u guns uit Sion hul bestraal!
U wat beveel en – dit geskied, / wil, HEER, u seen oor hul gebied!

Slotpsalm 133:1, 2 (p. 650)

- 1 Hoe goed is dit – 'n huis vol lieflikhede! – / dat broeders woon in onverstoorb're vrede.
Soos salf wat kunstig toeberei, / om Arons hoof 'n sagte geur versprei,
sy baard oordrup en heil'ge kleed deurtrek – / so sal die liefde liefde wek.
- 2 Dis soos die dou van Hermon, ryk nes reën,
op Sions berg: die HEER gebied die seën,
die lewe tot in ewigheid.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
21 Oktober 2012